1

’n Heerlike vakansiedag

“Weet julle wat?” vra die sestienjarige Trompie, en kyk ingedagte na sy ingeduikte skoenpunt wat in so ’n toestand is omdat hy gedurig na klippe, blikke en graspolle loop en skop.

Sy drie vriende, Rooie, Blikkies en Dawie, kyk peinsend na hom. Dan skud al drie hul koppe. Nee, hulle weet nie wat nie.

“Wil julle graag weet?” vra Trompie. Die drie knik nou hul koppe. Ja, hulle sal nogal graag wil weet.

“Wat wil julle weet?” vra Trompie en die ondeunde sproetgesig glimlag.

“Jy’t mos gevra of ons weet wat,” brom Rooie, en voeg by: “Probeer jy miskien snaaks wees, hè?”

Blikkies en Dawie wil nou ook weet of Trompie probeer snaaks wees.

“Natuurlik nie,” sê Trompie. Hy probeer verbaas lyk dat hulle oor so iets kan wonder. “Ek vra maar net: ‘Weet julle wat?’ Dis al.”

“Wel, ons weet nie,” brom Rooie. “Sê ons nou wat jy wil sê.”

“Al wat ek wil sê,” sê Trompie gemaak gedwee, “is dat môre ’n vakansiedag is. So daar’s nie skool nie.”

Sy drie vriende kyk met vies uitdrukkings op hul gesigte na hom.

Dan sê Blikkies: “Dink jy miskien ons het dit nie geweet nie?”

"Ek het geweet julle het geweet," sê Trompie, "maar ek het gedink julle het gevergeet."

Al drie verseker hom hulle het allesbehalwe, om sy woord te gebruik, gevergeet.

"Wel, wat gaan ons môre doen?" vra Trompie en vryf sy hande in die lug. Sy hele houding gee te kenne dat hy wil hoor wat hulle voorstel, maar hy het natuurlik reeds self besluit wat hulle die volgende dag gaan doen.

Die vier vriende kuier saam in Rooie se buitekamer. Trompie sit agterstevoor op 'n stoel. Hy het eenkeer in 'n fliek gesien hoe die cowboyheld elke slag wanneer hy gaan sit, die stoel omswaai sodat die rugkant voor hom is. Dan gaan sit hy wydsbeen oor die stoel en leun met sy arms en skouers teen die rugleuning. Trompie het van dié fliek en sy held gehou, en van toe af sit hy ook so op 'n stoel wanneer hy nie by die huis is waar sy ma hom daaroor kan aanspreek nie.

Soos gewoonlik lê Trompie se kouse op sy skoene en sy hemp hang by sy broek uit. Sy skoolpet sit windmakerig skeef op sy ongekamde boskasie. Hy kyk nou na sy vriende wat kastig ernstig sit en dink oor wat hulle môre op die vakansiedag gaan aanvang.

Hier op die dorpie Kwaggaberg waar hulle woon, is die vier bekend as die Boksombende. Trompie praat altyd van die beroemde Boksombende, maar baie Kwaggabergers noem hulle die berugte Boksombende.

Die vier seuns is al maats vandat hulle saam in graad vier in Kwaggaberg se laerskool was. Hulle het die Boksombende toe reeds gestig. Vandag is hulle in graad tien en in Hoërskool Kwaggaberg. Trompie, Rooie en Blikkies is dieselfde ouderdom, maar die hoogs intelligente Dawie is twee jaar jonger en nogtans in dieselfde klas as hulle.

Dawie sit op die bed en dink glad nie aan wat hulle môre kan doen nie. Trompie se hond, Boesman, lê op die matjie voor die bed en Dawie is besig om Boesman se maag met sy

Trompie_omnibus_08_binnewerk_BOOK.indb 14 2020/01/14 07:40

skoenpunt te kielie. Hy wil gaag sien hoe lyk 'n hond as hy lag. Dawie kan nie onthou dat hy al ooit 'n laggende hond gesien het nie. Maar Boesman lag nie. Hy tok-tok net met sy stert teen die vloer.

Rooie dink ook nie oor die gewigtige vraag van wat hulle môre gaan doen nie. Hy is soos gewoonlik kaalvoet. Hy wikkel sy tone en hou hulle noukeurig dop. Hy probeer sy tone op so 'n manier wikkel dat die groottone glad nie roer nie, maar dit is moeilik. Elke keer wanneer hy wil skree: "Ditsem! Ek het dit reggekry!" begin sy groottone ook beweeg.

Rooie – hy het natuurlik rooi hare – is 'n sterkgeboude kêrel wat Trompie deur dik en dun sal volg en bystaan.

Trompie is die Boksombende se Grootkaptein en Rooie erken dit deesdae. Daar was 'n tyd toe hy nie tevrede daarmee was nie, maar toe gryp hy en Trompie mekaar eendag en die Grootkaptein gee vir hom 'n prag van 'n blouoog. Nou aanvaar Rooie vir Trompie as hul leier.

Rooie glo iemand wat hom so in 'n geveg op sy plek kan sit, is 'n ou wat 'n mens deur dik en dun kan volg. En dit is presies wat hy doen. As Trompie die een of ander kattekwaad voorstel, is Rooie altyd die eerste een wat sê: "Orraait, Trompie, laat ons weg wees!"

Blikkies, die ander lid van die Boksombende, dink ook nie oor wat hulle op die vakansiedag gaan doen nie. Hy ken vir Trompie en weet die Grootkaptein het reeds op iets besluit en gaan nou-nou vir hulle sê wat dit is.

Nee, Blikkies sit en dink nie. Hy sit sommer net. Sy oë is half toe en dit lyk of hy sit en slaap. Net sy kakebene beweeg ritmies op en af soos hy aan 'n grashalmpie kou.

Blikkies is lank en skraal. Hy het sy bynaam op laerskool gekry omdat sy kniekoppe altyd soos twee blikke teen mekaar gestamp het as hy in die klas opstaan. Die kinders wou natuurlik tydig en ontydig hê Blikkies moet uit sy bank uit opstaan sodat hulle kon lag.

Trompie_omnibus_08_binnewerk_BOOK.indb 15 2020/01/14 07:40

Blikkies praat stadig en half luierig, en hy is die een wat alewig beswaar maak as Trompie die een of ander kwajongstreek voorstel. Die ander drie steur hulle nooit aan sy besware nie, en Blikkies verwag dit ook nie van hulle nie. Hy doen dit net ingeval daar iets verkeerd loop, want dan kan hy vir die ander sê: "Sien, ek het julle mos gesê." Nadat hy beswaar aangeteken het, is Blikkies altyd meer as bereid om aan die kattekwaad deel te neem, want hy voel sy gewete is dan skoon.

Dit is stil in die kamer. Die vier vriende sit kastig en dink. Blikkies draai sy kop en spoeg die grashalmpie waaraan hy gekou het met 'n boog deur die lug en by die venster uit. Blikkies kou altyd. Wanneer sy geldsake nie te benard is nie, kou hy kougom. As hy platsak is, en dit is gewoonlik die geval, kou hy grashalmpies.

Trompie kyk vies na Blikkies toe hy die grashalmpie so sierlik uitspoeg.

"Dink jy nie, hè?" snou Trompie hom toe.

"Ek dink, ja," antwoord Blikkies stadig en lui.

"Hoe kan jy dink én spoeg?" wil Trompie weet.

"Dis maklik," kap Blikkies terug. "Maar dis in elk geval nie vir my nodig om te dink wat ons môre gaan doen nie."

"Hoekom nie?"

"Omdat jy al klaar daaroor gedink het."

Rooie en Dawie stem saam met Blikkies. Hulle is seker die Grootkaptein het al klaar gedink wat hulle môre gaan doen. Hulle ken hom mos.

Trompie lag en sê: "Ek wou maar net hoor of een van julle dalk 'n beter voorstel as ek het."

"Ons sal nie weet of ons 'n beter een het nie," sê Dawie en sy wakker oë glinster, "as ons nie hoor wat jou voorstel is nie."

"Hoe kan julle weet of julle 'n beter voorstel het as nie een van julle een gemaak het nie?" wil Trompie weet.

Trompie_omnibus_08_binnewerk_BOOK.indb 16 2020/01/14 07:40

Rooie wikkel sy tone weer om te sien of hy hulle kan beweeg sonder om sy groottone te laat roer. Blikkies het intussen by die venster uitgeleun en 'n grashalmpie uit 'n graspol gepluk. Hy kou nou smaaklik daaraan. Die argument tussen Trompie en Dawie word gans te ingewikkeld.

"Orraait, ons het nie 'n voorstel nie," brom Rooie, en hy lyk vies omdat hy sy groottone nie kan stilhou as sy ander tone beweeg nie. "So sê vir ons wat's jou voorstel."

"Ja, wat doen ons môre?" vra Blikkies ook. Hy versit die grashalmpie waaraan hy kou behendig van die een kies na die ander.

"Ek is moeg daarvoor om altyd die een te wees wat die dinkwerk moet doen," sê Trompie en wieg-wieg effens op die stoel waarop hy sit. "As ek dit vir julle los, sal ons môre die hele dag net hier sit en niks doen nie. Maar luister nou mooi, ek het 'n goeie voorstel."

Dawie hou op om Boesman se maag te kielie. Dis sommer 'n simpel hond, dink hy. Die ding kan nie eens lag nie. Rooie se tone is nou stil en Blikkies lyk nie meer asof hy half aan die slaap is nie. Hulle luister mooi – hulle wil graag hoor wat Trompie se voorstel is.

"Soos julle weet, is dit môre vakansie en . . ."

"Ons het dit al 'n honderd keer by die skool gehoor," val Blikkies Trompie in die rede, "en jy het dit vandag ook al 'n paar keer gesê."

Die Grootkaptein sê niks. Hy gluur Blikkies net woes aan, want hy hou nie daarvan dat iemand hom in die rede val wanneer hy so ernstig praat nie. Trompie wikkel sy sproetneus om te wys hy is nou omgekrap.

Dan gaan hy voort: "Soos ek gesê het, julle weet môre is 'n vakansiedag." Trompie kyk kwaai na Blikkies asof hy sy vriend uitdaag om hom weer in die rede te val, maar dié keer doen Blikkies dit nie. Inteendeel, dit lyk asof Blikkies belangstelling in die gesprek verloor het. Hy sit-lê op sy

Trompie_omnibus_08_binnewerk_BOOK.indb 17 2020/01/14 07:40

stoel en sy oë is half toe. Sy kakebene beweeg ritmies op en af soos hy kou.

"Ja-nee, môre is 'n vakansiedag," herhaal Trompie aspris, "en ek het gedink dis sommer nonsens om heeldag hier rond te sit en niks doen nie. Toe het ek besluit ons kan gaan kampeer."

Die Boksombende sit nou regop, Blikkies ook. Sy oë is nie meer half toe nie.

"Waar?" vra Rooie.

Trompie het hierdie vraag verwag en sê tevrede: "In die kloof. Ons gaan nie net swem en dan weer terug huis toe kom nie. Ons gaan die hele dag daar bly."

"Dan kan jy nie sê ons gaan kampeer nie," sê Dawie. "Sê eerder ons gaan piekniek hou."

"Wat is die verskil, hè?" brom Trompie.

Maar voor Dawie kan antwoord, sê Blikkies: "Jy bedoel ons gaan vroeg in die oggend en kom eers laat die middag terug?"

"Dis reg, Blikkies." Trompie vryf sy hande weer in die lug. "Ons gaan swem, en dan gaan ons teen die berg opklim en daar in die grotte rondkyk."

"Wat gaan ons eet?" wil Rooie weet.

"Kos, natuurlik!" snou Trompie hom toe.

Dan verduidelik hy verder. Hulle vier moet by hul ouers toestemming vra om die hele dag in die kloof deur te bring, en hulle moet kos saamvat. Trompie voel elkeen van hulle moet baie kos saamneem omdat hulle baie honger gaan word.

Tompie se vriende hou van sy plan om die hele dag in die kloof deur te bring. Die vier van hulle kan 'n baie lekker tyd daar hê. Hulle kan swem, al is die water al 'n bietjie koud, die grotte heel bo teen die berg deeglik verken en sommer net na hartelus baljaar. Hulle gaan mos baie tyd hê as hulle die hele dag lank daar in die kloof bly.

Trompie_omnibus_08_binnewerk_BOOK.indb 18 2020/01/14 07:40

Rooie stel nou voor hulle moet wors en vleis saamvat om te braai. As 'n mens kampeer, moet jy mos vuur maak en iets oor die kole gaarmaak. Die ander stem saam met hom.

Die dorpie Kwaggaberg lê aan die voet van die berge. Die Boksombende gesels opgewonde oor die dag wat hulle in die kloof en teen die berg gaan deurbring.

Alles word sorgvuldig beplan. Elkeen moet presies weet wat hy moet saamvat. Dawie skryf die vinnigste en hy maak 'n lys van wat hulle gaan nodig hê.

Die lys word later so lank dat dit lyk asof hulle nie net een dag nie, maar sommer 'n hele paar maande daar in die kloof gaan deurbring.

Nadat die lys klaar opgestel is, sê Trompie skielik: "Jissie, amper het ons dit vergeet!"

"Wat?" vra Dawie. "Wat het ons amper vergeet?"

"Vuurhoutjies, natuurlik! Hoe dink julle gaan ons vuur maak?"

Dawie skryf dit vinnig neer. Rooie wens Trompie van harte geluk dat hy daaraan gedink het. Hulle sou doodgegaan het van die honger daar in die kloof as Trompie nie aan die vuurhoutjies gedink het nie. Hulle kan mos nie rou vleis en wors eet nie.

Die seuns is hoog in hul skik. Die lys is volgens hulle so volledig soos kan kom en hulle gesels nou opgewonde oor die lekker dag wat môre vir hulle voorlê.

Skielik hoor hulle 'n harde fluit. Dit is 'n hoë noot afgewissel met 'n lae een. Dit is die Boksombende se sein!

Die vriende kyk verbaas na mekaar. Die Boksombende bestaan net uit vier lede en hulle is mos al vier hier. Trompie is so verbaas toe hy hul sein hoor dat hy hulle onwillekeurig tel. Ja-nee, hy is tevrede – al vier lede van die Boksombende is hier in Rooie se kamer.

Die hele Kwaggaberg ken die Boksombende se sein, maar niemand sal dit ooit waag om so te fluit nie.

Trompie_omnibus_08_binnewerk_BOOK.indb 19 2020/01/14 07:40

"Wie op aarde kan dit wees?" vra Dawie die vraag wat duidelik op almal se gesigte gelees kan word.

Die seuns spits hul ore, dan hoor hulle weer die fluit – 'n duidelike hoë noot wat met 'n lae een afgewissel word. En dit klink nou sommer naby. Dit kom van die sypaadjie voor die huis af.

"Kom, manne!" sê Trompie. Hy spring op en klouter deur die venster. Sy manskappe kom. Hulle is kort op sy hakke.

Die vier nael in die tuinpaadjie langs die huis af na die voorhekkie toe. Terwyl hulle so hardloop, hoor hulle die een weer fluit. Nou hardloop hulle nog vinniger. Die Grootkaptein se vuiste is gebal.

Trompie is al naby die hekkie toe 'n seun agter die heining aan die sypaadjie se kant te voorskyn kom en dit oopmaak.

Die Boksombende se lede is nou by die knaap. Hulle gluur hom blasend aan. Hy kyk na hulle en sê dan "Haai!" asof hy niks verkeerd gedoen het nie.

Die vier vriende ken die negejarige seun voor hulle goed. Sy naam is Dirkie van Gas, maar almal op Kwaggaberg noem hom sommer Asjas. Hy is in graad vier in die laerskool, en Trompie-hulle beskou hom as 'n stout klein karnallie. Hulle moet hom altyd probeer ontwyk, want hy wil gedurig by hulle wees. Die Boksombende het al geleer dié koddige sproetgesig is nogal onverskrokke en astrant.

"Vir wie sê jy haai?" vra Trompie en gluur kwaai na Asjas. Hy haal nog hard asem omdat hy so vinnig gehardloop het.

"Vir julle, natuurlik." Asjas glimlag vriendelik. "Ek groet maar net."

"Huh," is al antwoord wat hy by Trompie kry. Die ander drie antwoord nie eens nie. Hulle gluur hom net woes aan.

"Het jy gefluit?" Trompie wikkel sy sproetneus om vir die knapie te wys hy is lelik omgekrap.

"Ek het gefluit, ja," sê Asjas.

"Ons sein?"

Trompie_omnibus_08_binnewerk_BOOK.indb 20 2020/01/14 07:40

Asjas se voorkop is nou geplooi soos hy hieroor nadink. Dan sê hy: "Wie's ons – en wat's 'n sein?"

Trompie kyk agterdogtig na die outjie voor hom. Hy wonder of die mannetjie miskien met hom, die Boksombende se Grootkaptein, probeer gekskeer. Nee, Asjas is dapper, maar nie so dapper nie. Hy sal dit darem seker nie waag om so iets te doen nie.

"Het jy só gefluit?" vra Rooie en fluit die Boksombende se sein.

"Ja," sê Asjas en glimlag weer vriendelik. "Dis hoe ek gefluit het."

"Hoekom?" vra Trompie bars. Hy druk 'n vuil wysvinger onder die knapie se neus en voeg by: "As jy lieg, bars jy!"

Asjas kyk fronsend na hulle. Sy houding maak dit duidelik dat hy glad nie verstaan hoekom hulle so kortaf en kwaai met hom is nie.

"Ek vertel nooit 'n leuen nie, Trompie," sê hy uiteindelik uit die hoogte. "Ek het so gefluit omdat ek gehoor het julle fluit so as julle mekaar soek. Dis hoekom ek dit gedoen het. Julle doen dit mos altyd."

Trompie en sy vriende kyk na mekaar. Dit lyk asof hulle Asjas glo. Hy het die misstap onwetend begaan. Hy weet dan nie eens wat die woord "sein" beteken nie.

"Daardie fluit is net vir ons wat lede van die Boksombende is," sê Trompie streng. "Jy fluit nie weer so nie, verstaan?"

"Ek het dit maar net gedoen omdat ek julle gesoek het," sê Asjas, en voeg dan mompelend by: "Dis mos 'n vry land."

"Wat het 'n vry land daarmee te doen?" wil Dawie weet.

"In 'n vry land kan jy fluit soos jy wil," sê Asjas en kyk parmantig na Dawie. Dit is amper asof hy te kenne wil gee hy is nie bang vir Dawie, wat maar tengerig gebou is, nie. Dawie sien hoe kwaai die sterk laerskooloutjie hom aankyk en besluit dit sal die beste wees om niks verder te sê nie.

Trompie_omnibus_08_binnewerk_BOOK.indb 21 2020/01/14 07:40

"'n Vry land ofte nie," sê Trompie en tik-tik met sy vuis op Asjas se bors, "jy fluit nie weer so nie."

Asjas sê niks hierop nie. Dit lyk of Trompie reg staan om hom te klap as hy weer terugpraat.

Trompie sien die knaap het geskrik en lyk nie meer so astrant nie. Hy klink nie meer so kwaai nie toe hy sê: "Hoekom soek jy ons?"

"Ek wou maar net gevra het of julle weet daar's nie môre skool nie."

"Natuurlik weet ons dit!" snou Trompie hom toe. "Lyk ons miskien vir jou soos swape, hè?"

Asjas skud sy kop vinnig. Hulle lyk beslis nie vir hom soos swape nie.

"En as julle weet daar's nie môre skool nie," sê die outjie, "wou ek maar net gesê het ek't aan 'n plan gedink."

Die Boksombende kyk aandagtig na die seun voor hulle.

"Nou toe nou, die mannetjie kan sowaar dink," sê Trompie sarkasties. "En wat is die plan waaraan jy gedink het?"

"Ek het gedink," sê Asjas, "ons klomp kan môre kloof toe gaan en sommer heeldag daar bly. Ons kan swem en in die grotte gaan rondkruip en allerhande goete doen. En ons kan kos saamvat en daar op die berg gaan vleis braai. Dink julle nie dis 'n goeie plan nie?"

Trompie, Rooie, Blikkies en Dawie kyk na mekaar. Hulle kan nie help om te glimlag nie. Dis presies wat Trompie voorgestel het.

Dawie, wat slim is met alles, selfs Engels, sê laggend: "Great minds think alike."

"Moenie sy *mind* met myne vergelyk nie," sê Trompie en wys kastig kwaad na Asjas.

"Wat sê julle ouens?" vra Asjas grinnikend. "Is dit nie 'n goeie plan nie?"

"Dit is, ja," sê Trompie, "maar ons het lankal daaraan gedink – en weet jy wat?"

Trompie_omnibus_08_binnewerk_BOOK.indb 22 2020/01/14 07:40

"Wat, Trompie?"

"Ons gaan kloof toe, maar jy gaan met Jan Tuisbly se karretjie ry." Trompie tik weer met sy vuil wysvinger teen Asjas se bors.

"Watse karretjie is dit?" vra die outjie fronsend.

"Dit is die karretjie waarmee jy by die huis bly. Jy gaan nie saam met ons nie."

"Hoekom nie?" vra Asjas en kyk vies na hulle.

"Omdat ons jou nie wil saamvat nie," antwoord Trompie. Dan voeg hy uit die hoogte by: "Jy's gans te jonk om saam met ons te gaan. Jy moet met kinders van jou eie ouderdom speel."

Die res van die Boksombende stem volkome saam met Trompie.

Asjas soebat nou hulle moet hom asseblief tog saamvat. Dit was per slot van rekening dan sy plan.

"Dit was nie," sê Rooie en tik Asjas nou met sy vuis op die arm. "Dit was Trompie se plan. Weg is jy! Skoert!"

Rooie gee die outjie 'n harde hou op die arm.

"Eina!" skree Asjas en besluit om weg te wees. Die knaap hardloop, maar hy skree darem een keer oor sy skouer: "Toemaar, julle sal nog sien!"

Die vier weet nie wat dit is wat hulle nog sal sien nie. Hulle draai laggend om en stap weer terug na Rooie se kamer toe. Hulle wil nog 'n paar verdere reëlings vir môre se uitstappie tref.

Van hul laerskooldae af, toe hulle nog maar in graad vier was, het die vier lede van die Boksombende 'n spesiale plek waar hulle altyd bymekaarkom en dan saam op hul fietse skool toe ry. Dit is 'n ou boomstomp op 'n sypaadjie net om die hoek van Trompie se huis af.

Die vier spreek af dat hulle mekaar die volgende oggend sewe-uur by die boomstomp gaan ontmoet – elkeen natuurlik met die kos en ander dinge waarvoor hy verantwoordelik is.

Trompie_omnibus_08_binnewerk_BOOK.indb 23 2020/01/14 07:40

Trompie kom die oggend eerste by die ou boomstomp aan. Hy gaan sit daarop en wag vir sy vriende. Die kos wat hy saamgebring het, is in 'n kussingsloop. Sy ma het vir hom baie eetgoed gegee, maar ná sy by die kombuis uit is, het hy die yskas oopgemaak en homself aan nog gehelp. Ja-nee, as sy manskappe so baie kos soos hy bring, dink die Grootkaptein nou, gaan hulle vier hulle vandag sowaar doodeet.

Dit is herfs en op die oomblik al effens koel, maar Trompie is seker dit sal later warmer word. Dan sal hulle gaan swem.

Terwyl Trompie so sit en dink aan die heerlike dag wat hulle in die kloof gaan deurbring, hoor hy skielik 'n fluit – 'n lang, uitgerekte hoë noot wat vinnig met 'n kort, lae een afgewissel word. Dit is die Boksombende se sein.

Trompie fluit op dieselfde manier terug terwyl hy wonder wie dit is –Rooie, Blikkies of Dawie.

Maar dit is nie een van die drie nie. Asjas kom om die hoek van die straat aangedraf. Hy dra sy boeksak op sy rug.

Trompie kyk vies na die outjie en bal sy vuiste. Die klein japsnoet moet sowaar 'n les geleer word.

Toe Asjas 'n entjie van Trompie af is, begin hy loop. Hoe nader hy aan die groot seun kom, hoe stadiger loop hy. Hy hou Trompie agterdogtig dop.

Toe hy 'n paar tree van die Grootkaptein af is, glimlag hy verbouereerd en sê: "Haai."

Trompie is 'n ou met goeie maniere, en hy voel hy kan Asjas darem groet. Hy sê: "Haai," en voeg dan vinnig by: "Wat soek jy hier? Gee pad!"

"Dis 'n vry land," mompel Asjas. "Ek kan hier wees as ek wil. Ek sien nie hoekom ek moet padgee nie."

"Jy's lekker astrant, nè?"

Asjas antwoord nie hierop nie. Hy lyk nie eintlik astrant nie. Hy staan reg om vinnig weg te hardloop as Trompie miskien van die boomstomp af opspring om hom te gryp.

Trompie_omnibus_08_binnewerk_BOOK.indb 24 2020/01/14 07:40

Trompie sit nog so na Asjas en gluur en wikkel sy sproetneus om te wys hoe omgekrap hy nou eintlik is, toe Rooie, Blikkies en Dawie om die straat se hoek aankom. Hulle loop opgewek en gesels.

"Haai, Trompie!" groet die drie vrolik en kom staan voor die Grootkaptein. Dawie het 'n ou skooltas waarin hy al die benodighede vir die dag gepak het. Rooie het 'n streepsak en Blikkies het ook 'n kussingsloop, net soos Trompie.

Die drie kyk vies na Asjas. Hy staan 'n goeie paar tree van hulle af.

"Hoe het dié ou hier gekom?" vra Blikkies, wat soos gewoonlik aan 'n grashalmpie kou.

"Dis wat ek ook wil weet," brom Trompie.

"Wat ek wil weet," sê Dawie, "is wat dié ou hier soek."

Rooie dink dit sal 'n goeie idee wees om die knaap te vra wat hy wil hê.

"Wat wil jy hê?" brul Rooie.

Asjas skrik so vir Rooie se bulderende stem dat hy vinnig nog 'n entjie verder retireer voor hy sê: "Ek wil saam met julle kloof toe gaan. Ek het my eie kos gebring." Hy slaan met sy hand teen die boeksak op sy rug om te wys waar die kos is.

"Hoe het jy geweet ons kom vanoggend sewe-uur hier bymekaar?" vra Dawie. Hy kyk onderlangs na sy vriende om te sien of een van hulle nie miskien skuldig lyk nie. Dalk is daar 'n verraaier in hul midde. Dit is tog net hulle vier wat geweet het hulle gaan hier bymekaarkom.

Die ander lede van die Boksombende kyk nou ook na mekaar. Die gedagte "Wie het vir Asjas gesê?" is nou duidelik in elkeen se oë te lees.

"Ek het geweet omdat ek slim is," antwoord Asjas en glimlag selfvoldaan.

"Jy is nie slim nie," snou Trompie hom toe. "Jy's dom. Maar sê nou maar net jy is nie heeltemal onnosel nie, wat

Trompie_omnibus_08_binnewerk_BOOK.indb 25 2020/01/14 07:40

het dit te doen met die feit dat jy geweet het ons kry mekaar vanoggend sewe-uur hier? Hoe het jy geweet?"

"Omdat ek slim is," sê Asjas. "Ek weet mos julle kom altyd hier by die boomstomp bymekaar en julle't gister gesê julle gaan vandag heeldag kloof toe. So omdat ek slim is, het ek toe gedink julle sal seker so sewe-uur waai. Toe kom ek sewe-uur hiernatoe en kry Trompie hier."

Die vier vriende gluur die outjie vies aan, maar hulle is terselfdertyd ook verlig. Hulle weet ten minste een van hulle is nie 'n verraaier nie. Die Boksombende kan nou ook sien dit was maklik om uit te pluis dat hulle mekaar vroeg hier by die boomstomp sou ontmoet.

"En sê nou ons was al weg toe jy hier aankom?" vra Trompie.

"Dan't ek kloof toe gehol en julle daar gaan soek."

"O, rêrig, nè?" sê Trompie sarkasties. "Wel, jy kan nou maar begin hardloop."

"Hoekom? Julle is mos hier. Waarnatoe moet ek hardloop?"

"Reguit huis toe! Ons het jou gister al gesê jy gaan nie saam met ons nie."

Rooie, Blikkies en Dawie stem volkome met Trompie saam. Asjas gaan sowaar nie saam met hulle nie.

"Kom, ouens," sê Dawie nou haastig. "Waarvoor staan en redeneer ons nog met die japsnoet? Laat ons weg wees."

Asjas kyk vies na Dawie, en toe sê die outjie: "Wie dink jy miskien is jy, hè?"

Dawie is effens uit die veld geslaan. Dit lyk nie asof Asjas vir hom bang is nie. Dawie betrag die laerskoolkind ernstig. Al is hy soveel jonger, is Asjas sterk en baie meer gespierd as Dawie.

"Ek is Dawie," antwoord Dawie, "en wat daarvan?" Hy sê dit egter nie in 'n kwaai stem nie. Dawie is effens skrikkerig, maar steek dit goed weg. Gelukkig kom sy vriende dit darem nie agter nie.

Trompie_omnibus_08_binnewerk_BOOK.indb 26 2020/01/14 07:40

"Laat ons gly," sê Trompie en spring van die boomstomp af. "Ons het nie tyd om die hele dag hier rond te hang nie."

"Ek het baie kos gebring, ouens," sê Asjas vinnig. "Kan ek asseblief saamgaan?"

Die vier seuns het net begin wegstap toe Asjas dit sê. Hulle kyk na mekaar. Hulle voel effens sleg omdat hulle so botweg weier om hom te laat saamkom. Maar aan die ander kant, wat soek hy by hulle? Hy is mos te klein. Hy het mos sy eie maats.

"Ek sê dit nou vir die laaste keer," waarsku Trompie. "Jy gaan nie saam met ons nie!"

Die Boksombende begin weer stap, maar dan sê Asjas: "Ek het baie kos – lekker kos wat my ma spesiaal gemaak het. Ek sal dit met julle ouens deel."

Trompie-hulle draai weer om. Hulle stel nou meer belang.

Asjas gaan vinnig voort: "Hierdie hele boeksak van my is vol allerhande lekker kos." Hy slaan met sy hand teen die sak op sy rug.

Trompie, Rooie, Blikkies en Dawie kyk na die twee kussingslope vol kos wat Trompie en Blikkies het. Dan kyk hulle na Rooie se streepsak en Dawie se ou skooltas, wat ook albei vol is. Nee, hulle het genoeg kos. Hulle stel nie in nog belang nie.

"Weg is jy!" sê Trompie vir Asjas. "Los ons nou uit."

Maar Asjas los hulle nie uit nie. Hy wil nou sy troefkaart speel.

"Wag!" sê hy.

Die vier draai weer om. Trompie sug swaar.

"Wassit, Asjas?" vra hy. "Hoekom gaan jy nie huis toe nie?"

"Gaan eet jou kos in julle tuin," sê Rooie. "Dis waar japsnoete soos jy moet pieniek hou."

Trompie_omnibus_08_binnewerk_BOOK.indb 27 2020/01/14 07:40

Asjas ignoreer Rooie se aanmerking. Hy glimlag geheimsinnig en sê: "Weet julle ouens wat?"

"Nee!" snou Trompie hom toe. "En ons wil ook nie weet nie!"

Maar hulle loop nogtans nie dadelik nie. Hulle wil duidelik graag weet wat dit is wat Asjas weet.

Dan speel Asjas uiteindelik sy troefkaart.

"Ek het gisteraand honderd rand by my oom gekry," sê hy.

Trompie, Rooie, Blikkies en Dawie kyk na mekaar. Hulle is nou glad nie meer so haastig om weg te kom nie.

Trompie vra die belangrike vraag namens hulle almal: "Wat het jy met die honderd rand gemaak?" En omdat dit miskien te bot klink, voeg hy by: "Het jy die geld nog?"

Trompie se stem klink nou glad nie meer so kwaai nie. Honderd rand is baie geld. 'n Mens kan baie lekkers daarmee koop. Rooie, Blikkies en Dawie kyk na Asjas en wag vir sy antwoord. Hulle lyk nou ook baie vriendeliker.

"Nee, ek het nie meer die honderd rand nie," sê Asjas. Voor die vier weer vies na hom kan kyk, sê hy vinnig: "Maar ek het honderd rand se lekkers hier in my boeksak. Ek het dit gisteraand gaan koop. Ek het geweet die kafee sal vanoggend nog toe wees, want ons gaan mos vroeg kloof toe."

Die Boksombende ignoreer Asjas se "ons". Hulle vra hom glad nie hoeveel onse daar in sy pond is nie. Hulle glimlag vriendelik. Daar is mos honderd rand se lekkers in Asjas se sak. Trompie vryf sy hande in die lug en sê glimlaggend: "Laat ons die lekkers bietjie sien."

"Oukei," sê Asjas. Hy stap nou nader en haal die boeksak van sy rug af.

Die knaap sit die sak op die grond neer en haal 'n groot papiersak vol lekkers uit. Daar is sjokolade, skyfies, droppype, swart suikerballe, visse, kougom, toffies en nog baie ander soorte lekkergoed.

Trompie_omnibus_08_binnewerk_BOOK.indb 28 2020/01/14 07:40

Die seuns staan gebukkend en kyk na die lekkers wat Asjas uit die papiersak haal en op sy boeksak uitstal. Hulle het self baie én heerlike kos saamgebring, maar nie een van hulle het lekkers gekoop nie. Hulle kon nie, want hulle het nie geld nie.

Maar hier is sowaar honderd rand se lekkers. Die Boksombende het klaar uitgewerk dat dit twintig rand se lekkers vir elkeen van hulle is – dit wil sê as hulle die laerskooloutjie laat saamgaan.

Asjas is hoog in sy skik. Trompie-hulle loop nou oor van vriendelikheid. Hul oë bly stip en gulsig op die lekkers. Blikkies kyk na die kougom, en dan draai hy sy kop en spoeg die grashalmpie waaraan hy gekou het met 'n boog deur die lug.

"Wil jy baie graag saam met ons gaan?" vra Trompie in sy vriendelikste stem vir Asjas.

"Ja, Trompie."

"En . . . en sê nou ons sê jy kan maar saamgaan? Sal jy dié lekkers dan met ons deel?"

"Natuurlik, Trompie," antwoord Asjas dadelik met 'n glimlag.

"Nou ja, manne," sê Trompie en kyk na sy manskappe, "wat sê julle? Sal ons Asjas laat saamgaan?"

Die manskappe maak asof hulle baie ernstig nadink. Blikkies se oë is stip op die kougom gerig wanneer hy sê: "Ek dink so. Asjas kan maar saamkom."

Rooie en Dawie dink ook so. Hulle voel ook die outjie kan maar saamkom – en Trompie voel natuurlik dieselfde oor die saak.

Die lekkers word vinnig verdeel en die vyf seuns stap al kouende kloof toe met die kleiner outjie 'n paar tree agter die Boksombende. Trompie se hond, Boesman, is ook by en draf blaffend langs hulle.

Die seuns is vrolik en opgeruimd. Daar is nie vandag skool

Trompie_omnibus_08_binnewerk_BOOK.indb 29 2020/01/14 07:40

nie en die son skyn al hoe helderder uit die blou herfshemel. Hulle begin sing, maar dan bars hulle uit van die lag omdat hulle so vals is.

Terwyl hulle so sorgeloos deur die veld stap, het hulle natuurlik nie die vaagste benul van die gevaarlike avontuur wat daar op hulle wag nie.

Trompie_omnibus_08_binnewerk_BOOK.indb 30 2020/01/14 07:40

2

Die grot

Hoe nader die vyf seuns aan die dam in die kloof kom, hoe vinniger stap hulle. Die oggendluggie is nog effens koel, maar volgens hulle is dit nie te koud om te swem nie.

Toe hulle die dam sien, begin hulle draf – en dis nie lank nie of hulle hardloop.

Trompie skree: "Laaste een in is 'n vrot pampoen!" en hulle laat spaander nou in volle vaart na die dam toe. Trompie en Blikkies het hul kussingslope oor die rug en Rooie se streepsak is ook oor sy skouer. Dawie se tas swaai-swaai teen sy bene, maar hy hardloop vir al wat hy werd is.

Asjas kom agter hulle aan. Sy boeksak is stewig op sy rug en hy word nie deur kussingslope, 'n streepsak of 'n tas aan bande gelê nie – daarom hardloop hy vinnig en bly kort op die groot seuns se hakke.

Almal nael na die damwal toe. Hulle gaan sommer hier induik. Nie een van hulle wil laaste wees nie.

Die kussingslope, streepsak en tas word op die wal neergegooi, en die seuns trek hul klere soos blits uit. Asjas is nou ook by. Hy het sy boeksak sommer so in die hardloop van sy rug af gepluk en ook sy hemp uitgetrek.

Met 'n "Hier trek ek!" duik Trompie eerste by die water in. Rooie is net ná hom, en dan volg Blikkies.

Dawie is kaal behalwe vir sy een skoen. Hy sukkel om die veter los te kry. Toe hy dit nie regkry nie en sien Asjas is

feitlik klaar uitgetrek, pluk hy aan die skoen om dit van sy voet af te kry.

Maar Dawie is te laat. Asjas skree: "Ek's nie laaste nie!" terwyl hy deur die lug spring en in die water plof.

Dawie kan homself skop. Hy is sowaar laaste. Toe sy kop bo die water verskyn, spot sy vriende hom.

"Asjas het jou gewen!" skree Trompie vir Dawie terwyl hy heerlik op sy rug in die koue water lê en dryf.

Maar toe Trompie Asjas se naam noem, word sy hart skielik yskoud. Die outjie het nog nie weer bo die oppervlak van die water verskyn nie. Sê nou hy kan nie swem nie?

"Waar's Asjas?" skree Trompie verskrik. Hy haal diep asem en duik onder die water in.

Rooie, Blikkies en Dawie kyk 'n oomblik lank benoud na mekaar. Dan haal hulle ook diep asem en verdwyn onder die water.

Asjas is 'n karnallie van die eerste water. Hy kan goed swem, maar toe hy deur die lug trek, het hy skielik daaraan gedink dat die groot seuns heel moontlik nie weet hy kan swem nie. En toe het hy besluit om hulle 'n bietjie skrik te maak.

Hy het nie vinnig na die oppervlak toe opgeskiet nie, maar onder die water geswem – weg van die ander af. Toe sy asem opraak, was hy al 'n hele entjie van hulle af. Hy kom net mooi op om asem te skep toe hulle afduik om na hom te soek.

Asjas trap water en glimlag breed. Hy is gereed om weer weg te duik sodra hul koppe bokant die water verskyn.

Die eerste kop wat opkom, is Trompie s'n, want hy het mos eerste afgeduik. Rooie, Blikkies en Dawie se koppe volg kort op mekaar.

Die oomblik toe Trompie bo die water verskyn, verdwyn Asjas weer geluidloos onder die oppervlak. Die vier seuns trap water en kyk benoud na mekaar.

Trompie_omnibus_08_binnewerk_BOOK.indb 32 2020/01/14 07:40

"Wat kon van hom geword het?" vra Trompie en sy stem klink maar bewerig.

"Hy lê seker daaronder op die bodem," sê Dawie in 'n piepstem en dit klink of hy enige oomblik gaan begin huil.

Rooie is bleek. Hy sê net kortaf om sy ware gevoelens te probeer wegsteek: "Ons moet maar duik en na hom soek."

"Dit help nie om nog te soek nie," sê Blikkies. Sy oë is groot en hy vergeet selfs om aan die stukkie kougom in sy kies te kou. "Hy moet al dood wees, want niemand kan so lank sonder asem bly nie."

"Ons probeer nog een keer," sê Trompie, "dan hardloop ons dorp toe en gaan kry hulp."

Die bekommerde Boksombende duik onder die water in – en net toe hulle verdwyn, verskyn Asjas se kop weer. Die outjie skater soos hy lag. Hy het hulle darem sowaar 'n lekker poets gebak. Hy besluit om nou op te hou met die storie en nie weer weg te duik as hulle opkom nie. Daar is baie goed wat hulle vandag nog wil doen; hulle wil nie die hele dag hier in die dam deurbring nie. Dit is ook deksels koud hier in die water. Die swemseisoen is eintlik al verby.

Skielik verskyn die vier koppe weer. Die seuns hyg na asem. Hulle het onder op die bodem rondgeswem, maar kon Asjas nie kry nie. Nie een van hulle sien hom waar hy 'n entjie van hulle af water trap nie.

"Rooie," sê Trompie hygend, "hol jy en Blikkies gou dorp toe en bring die polisie. Ek en Dawie sal hier bly en by die liggaam waak."

"Orraait," sê Rooie, en dan voeg hy by: "Die arme Asjas. Hy was nie 'n slegte outjie nie."

Rooie en Blikkies begin na die wal toe swem, maar dan gewaar hulle die glimlaggende knaap.

"Sien . . . sien julle wat ek sien?" vra Rooie en sy oë is groot. Hy dink dit is 'n spook. Blikkies sien wat Rooie sien en sy oë rek ook. Hy dink ook dit is 'n spook.

Trompie_omnibus_08_binnewerk_BOOK.indb 33 2020/01/14 07:40

"Jis-. . . sou," sê Trompie verbaas, en dan skree hy: "Is . . . is dit jy, Asjas?"

Die seuntjie lag heerlik.

"Haai, julle ouens!" skree hy. "Natuurlik is dit ek! Wie dink julle miskien is dit?"

Die Boksombende is nog lam van die skrik.

"Waar kom jy vandaan?" wil Trompie weet. Dit sal hom glad nie verbaas as Asjas sê hy kom uit die doderyk nie. Niemand kan mos so lank onder die water bly sonder om asem te skep nie.

"Ek was maar heeltyd hier," sê Asjas, en dan swem hy wal toe, want hy is moeg om so water te trap en dit word nou regtig yskoud. Die ander kyk verbaas na hom. Hy swem so gemaklik soos hy hardloop. Trompie, Rooie, Blikkies en Dawie voel verlig. Hulle is seker 'n spook sal nie so goed kan swem nie.

Trompie besef nou die klein karnallie was nie die hele tyd onder die water nie. Nee, dit is onmoontlik. Hy het natuurlik elke keer opgekom om asem te skep wanneer hulle afgeduik het om na hom te soek.

"Ons sal nog met hom afreken," sê Trompie net, en dan swem hy en sy vriende ook na die damwal toe.

Sonder om te praat, trek die seuns gou hul klere aan. Dan sit hulle in die sonnetjie om warm te word. Niemand het nog met Asjas gepraat nie. Hy sit op 'n klip 'n entjie van hulle af. Hy is maar lugtig en gereed om op te spring en te nael as hulle hom dalk wil vang en karnuffel omdat hy hulle so 'n poets gebak het.

Maar die Boksombende is so verlig dat Asjas nog in die land van die lewendes is dat nie een van hulle hom wil bydam nie. Hulle gluur hom net kwaai aan.

Uiteindelik sê Trompie: "Asjas, dink jy miskien jy's snaaks?"

Nee, skud die knaap sy kop en skuif vorentoe op die punt

Trompie_omnibus_08_binnewerk_BOOK.indb 34 2020/01/14 07:40

van die groot klip waarop hy sit sodat hy nog vinniger kan opspring om te hardloop as dit nodig is. Nee, hy dink nie hy is snaaks nie.

Dan vra hy versigtig: "Hoekom? Hoekom vra jy of ek dink ek's snaaks?"

"Omdat jy ons so laat skrik het."

"Ek het maar net 'n grappie gemaak," sê Asjas.

Al vier verseker hom hulle hou net mooi niks van sulke soort grappies nie.

"Ek dink ons jaag hom huis toe," sê Rooie. Sy hart klop nou nog vinnig soos hy geskrik het toe Asjas onder die water verdwyn het.

"Ek dink ook so," sê Trompie, maar hy is nou nie meer so vies soos toe hy besef het Asjas was nie 'n spook nie. Hy voel nou eintlik net verlig. Dit sou darem vreeslik gewees het as hierdie geliefde dam van hulle sowaar Asjas se watergraf moes wees.

Voor Blikkies en Dawie kan sê hulle dink ook Asjas moet huis toe gejaag word, sê die knaap vinnig: "Aag, ouens, dit was rêrig maar net 'n grappie. Kom ons eet. Ek's honger."

Asjas maak sy boeksak oop. Die vier groot seuns hou hom dop. Hy haal 'n lang stuk gebraaide wors uit die sak, en ook 'n pakkie waarin daar 'n klomp toebroodjies is. Die Boksombende kyk na die wors. Asjas se ma is bekend vir die lekker boerewors wat sy maak.

Trompie het ook wors gebring, maar dit is rou. Hulle sal eers moet vuur maak en dit braai as hulle dit wil eet.

Asjas sê vriendelik: "Kom ons vergeet van die ou grappie. Kom, ouens, kom eet van my ma se lekker wors."

Blikkies dink 'n stukkie wors sal nie sleg smaak nie, en Trompie, Rooie en Dawie stem volkome saam. Hulle besluit om Asjas maar te vergewe.

"Maar jy doen nie weer so iets nie, verstaan?" sê Trompie

Trompie_omnibus_08_binnewerk_BOOK.indb 35 2020/01/14 07:40

nogtans streng terwyl hulle na die outjie toe stap. Dan vat elkeen ’n groot stuk wors en ’n toebroodjie.

Die seuns sit heerlik en eet. Hulle begin selfs lag oor die poets wat Asjas hulle gebak het. Noudat hulle van die skok herstel het, sien hulle in hoe snaaks dit eintlik was.

“Ek het gedog ek gaan self ook verdrink,” sê Trompie laggend met kieste vol wors. “Ek het so groot geskrik toe ek Asjas se kop bo die water sien dat ek ’n hele mond vol water gesluk het.”

Die ander vertel nou ook hoe groot hulle geskrik het. Hulle kon nie verstaan hoekom ’n ou wat nou net dood is sommer dadelik begin spook nie.

Asjas lag natuurlik heerlik oor die petalje. Hy vertel hoe hy elke keer weer ingeduik het wanneer hul koppe bo die water verskyn.

As gevolg van Asjas se poets het hulle nie eintlik geswem nie, maar dit maak nie saak nie – die water is allesbehalwe warm. Hulle gaan nou ’n bietjie bergklim en die grotte bo teen die hang verken.

Dit neem ’n hele tydjie om by die berg se kruin uit te kom. Waar dit steil is, stap hulle in ’n ry agter mekaar – Trompie heel voor en Asjas heel agter. Dawie kry baie swaar. Die ou skooltas waarin sy kos is, stamp aanhoudend teen sy bene. Hulle moes sy kos daaronder by die dam geëet het. Dan sou die dekselse ding mos nie so swaar gewees het nie!

Wanneer hulle bo kom, rus hulle eers en dan sê Trompie: “Nou kom ons gaan verken daai grot.”

Trompie haal die flits wat hy sonder sy pa se wete geleen het uit sy kussingsloop en loop na die grot se ingang toe.

Hy en sy vriende het hierdie grot al vantevore verken, maar hulle het nooit diep ingegaan nie. Vandag wil hulle dit doen en sien wat daarbinne is.

Die ingang is agter ’n doringboom se takke weggesteek. Die seuns breek eers versigtig ’n paar takke af en wanneer

Trompie_omnibus_08_binnewerk_BOOK.indb 36 2020/01/14 07:40

die ingang redelik oop is, buk Trompie en gaan in. Sy vriende volg hom.

Binne is dit so groot soos 'n huis se voorportaal. Die seuns kan maklik regop staan en omdat hulle die takke voor die ingang afgebreek het, is dit taamlik lig in die grot.

Aan die een kant van die grot is daar 'n gat wat omtrent dertig sentimeter in deursnee is. Hulle dink lankal hierdie gat lei na 'n ander grot binne-in die berg – en vandag wil hulle daardeur kruip.

Die seuns hurk voor die opening. Al is dit taamlik lig hier waar hulle nou is, moet Trompie met die flitslig by die donker gat in skyn. Hulle sien dit is 'n lang tonnel.

"Ek wed julle," sê Trompie, "as ons deur die tonnel kruip, gaan ons by 'n nog groter grot as hierdie een uitkom."

Trompie skakel die flits af. Hulle wil nie die batterye mors nie.

"Hoe lyk dit?" vra die Grootkaptein nou. "Gaan ons hier inkruip?"

Hy skakel die flits aan en lig weer by die opening in. Dit is 'n lang, nou tonnel. Waar die ligstrale in die verte verflou, is dit pikdonker.

"Sal 'n ou in die tonnel kan asemhaal?" vra Rooie.

"Ek dink so," sê Trompie.

Die seuns voel maar skrikkerig. Dit gaan moed kos om op hul mae deur so 'n nou tonnel te seil. Die een se kop sal by die een voor hom se voete wees, en wanneer hulle terugkom, sal hulle soos krappe agteruit moet beweeg as hulle nêrens 'n plek kry waar hulle kan regop kom of omdraai nie.

"Is dit rêrig nodig dat ons hier moet inkruip?" vra Dawie met groot oë.

Die ander wonder ook of dit regtig nodig is, maar sê niks nie. Niemand wil hê die ander moet dink hy is bang nie.

Dit is net Dawie wat glad nie skaam is om bang te wees nie.

Trompie_omnibus_08_binnewerk_BOOK.indb 37 2020/01/14 07:40

"Sê nou maar net," sê hy, "ons kruip 'n entjie in en sit dan vas. Nee, ouens, julle kry my nie daar in nie. Baie dankie."

Dawie staan op. Hy het sy sê gesê en nou het hy alle belangstelling in die tonnel verloor.

Die ander voel ook soos Dawie, maar nie een wil dit juis sê nie. Trompie sê net: "Ek sal alleen gaan as julle nie wil kom nie. Ek is nie bang nie."

Rooie, Blikkies en Asjas wil dadelik weet wie gesê het hulle is bang. Hulle is nie een 'n lafaard nie.

"Moenie dink ons is Dawie nie," sê die parmantige Asjas.

Dawie antwoord nie eens hierop nie. Toe hy opgestaan het, het hy met sy skouer teen die kant van die grot gestamp en daar het 'n klomp grond losgekom. Die rotswand se wit oppervlak is nou blootgestel. Dawie dink dit sal lekker wees om daarop te teken terwyl die ander klomp vir hulleself en die ander bewys hoe dapper hulle is deur by die tonnel in te kruip.

Trompie-hulle het mekaar nou genoeg verseker hulle is nie bang nie. Nou moet hulle tot aksie oorgaan.

"Ek sal eerste inkruip," sê Trompie, "en dan volg julle my."

Dawie neem nie notisie van die klomp wat voor die gat lê nie. Hy brom net een keer hy is nie bang nie, bloot versigtig. Hy het 'n verroeste spyker by die grot se opening opgetel en teken nou op die rotswand. Hy dink dit sal gepas wees as hy probeer om Boesmantekeninge te maak soos dié waarvan daar foto's in hul geskiedenisboek is.

"Hou die flits vas," sê Trompie vir Rooie. "Ek kruip in, dan gee jy dit aan. Ná my kom jy, en dan Blikkies."

"Ek kom saam," sê Asjas. "Ek's nie bang nie."

Asjas kyk na Dawie, wat hard besig is om op die rotswand te teken, en sê: "Ek's nie bang nie, maar ek weet van ander ouens wat is."

Trompie_omnibus_08_binnewerk_BOOK.indb 38 2020/01/14 07:40

Dawie mompel net: "Liewer bang Jan as dooie Jan," en gaan dan aan met sy rotstekeninge.

Trompie se stem klink maar bewerig toe hy sê: "Wel, weg is ek, ouens."

Sy kop gaan eerste deur die opening. Hy beur vorentoe, maar sy skouers is te breed. Trompie sukkel en kreun, maar dit help niks. Hy kan nie deurkruip nie.

"Laat ek probeer," sê Rooie.

Rooie probeer, maar hy kry dit ook nie reg nie. Die gat is te klein. Blikkies probeer nie eens nie. As Rooie en Trompie nie kan deurkruip nie, kan hy ook nie. Hy is langer en groter as hulle.

"Dawie sal kan deurkom," sê Trompie en kyk na sy vriend wat met die rotstekeninge besig is.

"Los my uit," sê Dawie. "Ek kruip nie by daardie tonnel in nie. Al pas ek daar in, wat gaan ek daar doen? Julle kan mos nie saamkom nie."

"Jy gaan stel ondersoek in," sê Trompie. "Ons wil weet waarnatoe die tonnel lei."

"Nee, ouens," sê Dawie beslis, "dit traak my nie waarheen daai ding lei en wat aan die ander kant is nie."

Dawie het nou sy sê gesê. Hy teken weer met mening op die rotswand en ignoreer aanmerkings soos "Bangbroek!" en "Lafaard!". Hy weet sy vriende is ook bang en eintlik verlig dat hulle te groot is om deur die gat te kruip.

"Ek sal deurkruip en gaan kyk wat daar aan die ander kant is, Trompie," sê Asjas skielik. "Ek's nie bang nie."

Trompie, Blikkies en Rooie kyk na Asjas. Hulle weet hy sal kan deurkruip, maar is dit nie te gevaarlik om die outjie so alleen te laat gaan nie? Wie weet wat is daar aan die einde van die tonnel?

Sê nou daar is 'n grot net so groot soos die een waarin hulle nou is, en in daardie grot is daar 'n prehistoriese monster wat Asjas verslind? Dit sal mos vreeslik wees. Hulle

Trompie_omnibus_08_binnewerk_BOOK.indb 39 2020/01/14 07:40

sal nie eens daar wees om hom te help nie. Of sê nou Asjas kruip 'n ent in die tonnel af en sit vas? Wat dan? Hy sal mos doodgaan van honger en dors.

Trompie het 'n geweldige verbeeldingskrag en hierdie gedagtes flits deur sy brein. Hy wens Asjas geluk dat hy so dapper is en nie 'n bangbroek soos 'n ander ou wat hulle almal ken nie. Dan voeg hy by: "Maar ek dink dis beter dat jy liewer nie gaan nie. Dis te gevaarlik."

"Ek's nie bang nie, Trompie," pleit Asjas. "Ons het mos gekom om die grot te verken en deur die tonnel te kruip om te sien wat aan die ander kant is. Ek sal gaan, dan kom vertel ek julle alles."

"Maar sê nou jy kom nie weer terug nie?" vra Trompie bekommerd.

"Natuurlik sal ek. Dis mos maklik om deur so 'n tonnel te kruip."

Die seuns bewonder Asjas se moed. Hy het nie 'n bang haar op sy kop nie. Ja-nee, soos Trompie sou sê, dis nou maar wors.

"Wat dink julle?" vra Trompie vir Rooie en Blikkies.

Rooie kyk ingedagte na sy wikkelende tone. Hy probeer om hulle te roer sonder dat sy groottone ook beweeg, maar sonder veel sukses. Blikkies sit ingedagte voor hom en uitstaar. Net sy kakebene beweeg ritmies op en af soos hy aan 'n stukkie kougom kou.

"Dit lyk vir my na 'n gevaarlike besigheid," sê Rooie uiteindelik fronsend. Blikkies sê niks nie. Hy knik net sy kop om te wys hy stem saam met Rooie. Dit lyk vir hom ook gevaarlik.

Dawie kyk op van sy rotstekening af en sê: "Julle ouens soek moeilikheid. As daar iets met Asjas in die tonnel gebeur . . . Sê nou maar net hy . . ."

"Niemand het jou mening gevra nie!" val Trompie hom in die rede.

Trompie_omnibus_08_binnewerk_BOOK.indb 40 2020/01/14 07:40

"Oukei," sê Dawie vies. "Maar onthou wat ek gesê het, hoor." Dit is asof Dawie nou sy hande in onskuld was. Hy het sy sê gesê. Hy het hulle gewaarsku, maar hulle wil nie luister nie. Hy teken weer verder.

"Waarvoor wag ons nog?" vra Asjas. "Gee vir my die flits. Ek wil waai."

Sonder om teë te praat, gee Trompie dit vir die dapper negejarige knapie.

"Onthou net," waarsku Trompie bekommerd, "as dinge nie vir jou reg lyk nie, of as jy swaar begin asemhaal of so iets, dan kom jy terug. Belowe."

"Ek belowe," sê Asjas, "maar ek weet nie hoekom julle almal so bang is nie." Die knaap geniet die aandag en die feit dat hulle so besorg is oor hom. Hy is nou kaatjie van die baan.

Rooie en Blikkies sê nou ook hy moet asseblief versigtig wees. Hulle wil nie sy dood op hul gewete hê nie en hulle wil nie later vandag van hom praat as oorlede Asjas nie.

Dawie draai sy kop en sê: "Ek sê nog steeds, julle soek moeilikheid om Asjas daar te laat ingaan."

"Niemand het jou raad gevra nie!" snou Trompie hom weer toe. "Hy's nie so 'n bangbroek soos jy nie."

"Oukei, maar julle sal sien."

"Wat sal ons sien?" vra Rooie bars.

"Toemaar, julle sal sien wat julle sal sien."

Asjas lê op sy maag voor die opening. Hy het die flits in sy hand. Hy is glad nie bang nie.

"Tot siens, ouens," sê hy.

"Tot siens, Asjas," sê die Boksombende. Hulle hoop maar alles sal goed gaan en die outjie sal niks in die tonnel oorkom nie.

Asjas seil vorentoe. Sy kop gaan deur die opening en dan sy skouers, maar toe sy heupe moet deurgaan, sit hy vas. Hy wikkel en wikkel, maar sy sitvlak is te groot. Hy vorder nog

Trompie_omnibus_08_binnewerk_BOOK.indb 41 2020/01/14 07:40

'n paar sentimeter, maar sit dan weer vas. Hy wikkel sy lyf weer, maar niks gebeur nie. Asjas se agterwêreld is definitief te groot om deur die gat te gaan.

Die knaap skop-skop met sy voete op die grond waar Trompie-hulle sit, maar hy kan nie verder vorentoe beweeg nie. Sy maag, skouers, kop en die helfte van sy sitvlak is nou in die tonnel. Die ander helfte van sy sitvlak en sy bene is buite in die grot by Trompie-hulle.

Dit lyk tog te koddig en die Boksombende lag lekker. Hulle voel ook verlig, want nou kan Asjas nie by die tonnel inkruip nie. Hulle was nogal skrikkerig dat daar iets met hom sal gebeur.

"Seil maar weer terug," sê Trompie vir Asjas. "Jy kom ook nie daardeur nie."

Die outjie se kop is in die tonnel en sy stem klink hol toe hy antwoord: "Ek probeer om terug te kom, maar ek kan nie. Ek sit vas."

Die Boksombende sien nou aan Asjas se wikkelende agterwêreld hy probeer nie meer vorentoe beweeg nie – hy probeer agtertoe skuif.

"Vat sy bene en trek," sê Trompie.

Rooie en Blikkies kry een been beet en Trompie die ander. Dawie is nou ook by om te help en hy gryp die been wat Trompie vashou.

"Trek, manne!" sê die Grootkaptein. Die vier lag heerlik, want hierdie affêre is vir hulle 'n groot grap. Dankie tog Asjas sit hier by die ingang vas en nie verder en dieper by die tonnel in nie.

Die seuns pluk en trek, maar dit is tevergeefs – Asjas beweeg nie. Hulle hoor hoe skree die outjie iets, maar sy stem klink so dof en hol dat hulle nie kan uitmaak wat hy sê nie.

Trompie buk by die opening met sy gesig by die helfte van Asjas se sitvlak wat sigbaar is, en hy skree: "Hè, Asjas? Wat is dit?"

Trompie_omnibus_08_binnewerk_BOOK.indb 42 2020/01/14 07:40

Asjas roep weer iets. Noudat hulle stilstaan en nie aan hom pluk nie hoor die seuns die hol stem: "Julle maak my seer! En daar's 'n ding hier voor my!"

"Watse ding?" skree Trompie.

"Ek weet nie. Ek sien net twee groot, blink oë in die flits se lig. Kry my hier uit!" Asjas se stemmetjie klink nou klein en pleitend.

Die seuns kyk na mekaar. Hulle lag nou nie meer nie. Hulle wonder wat is die ding met die groot, blink oë wat Asjas voor hom sien. Sê nou dis 'n slang!

"Trek weer, ouens," sê Trompie benoud. Die seuns gryp die knaap se bene en hulle trek weer, maar dit help nie. Asjas sit, soos Trompie sou sê, *properlies* vas.

"Miskien sal dit beter wees," sê Blikkies al kouende op sy tipiese lui manier, "as ons hom instoot pleks van uittrek."

"Moenie nonsens praat nie," snou Trompie hom toe. "Hoe kry ons hom dan weer uit? En wat van die ding met die groot, blink oë, hè?"

Blikkies mompel nou dat hy gevergeet het van die ding met die groot, blink oë.

Asjas skree weer iets en die seuns staan stil om mooi te luister.

"Die ding kom nader!" kom Asjas se hol stem. "Kry my hier uit! Asseblief!" Dit klink of die outjie nou histeries begin raak. Trompie kniel weer voor die opening.

"Asjas!" roep hy benoud. "Kyk of daar nie 'n klip of iets lê waarmee jy die ding kan gooi nie. Ons sal jou nou-nou los hê."

Met 'n amperse huilstemmetjie skree Asjas terug dat hy 'n klip in sy hand het, maar so lê dat hy dit nie kan gooi nie. Dan gil hy skielik van angs. Dit lyk vir hom of die ding nader kom.

"Skyn die lig in sy oë!" skree Trompie. "Miskien verblind dit hom."

Trompie_omnibus_08_binnewerk_BOOK.indb 43 2020/01/14 07:40

"Kap hom op sy kop met die flits as hy te naby kom," stel Rooie hees voor.

Die seuns kyk na mekaar. Hulle is nou baie bekommerd. Hulle pluk weer aan Asjas, maar hy sit so vas soos 'n neet en beweeg nie vorentoe of agtertoe nie.

"Wat maak ons nou, ouens?" vra Trompie sommer baie benoud.

"Ek het julle gesê hier gaan moeilikheid kom," sê Dawie.

"Ag, bly stil!" sê Trompie.

Dan draai hy weer na Asjas se halwe agterstewe toe en roep: "Hei, Asjas! Hoekom praat jy nie?"

"Waaroor moet ek praat? Oor die weer en hoe 'n lekker sonskyndag dit is?" kom Asjas se stem sarkasties. "Wat doen julle? Hoekom kry julle my nie hier uit nie?"

"Waar is daai ding met die oë?" roep Trompie.

"Hy is nog hier voor my. Sy oë is nou groter en blinker. Dit lyk of hy al nader kom."

"Kan jy sien wat dit is?" vra Trompie.

"Dit lyk soos 'n kat," sê Asjas.

'n Kat? Die Boksombende kyk fronsend na mekaar. Hoe beland 'n kat hier in hierdie tonnel?

"Dit is seker 'n groot rot," sê Trompie, "en daai soort rotte is gevaarlik. As daar een is, is daar gewoonlik honderde ander ook. As hulle Asjas pak, sal hulle hom opvreet."

Die Grootkaptein en sy manskappe is nou werklik baie bekommerd. Dit sal vreeslik wees as hulle in die toekoms van hierdie knapie moet praat as oorlede Asjas wat deur die rotte opgevreet is.

"Ons moet iets doen," sê Trompie.

"Maar wat?" vra Blikkies. "Dit help nie om net te sê ons moet iets doen nie. Dink aan 'n plan."

En toe gebeur daar iets wat die situasie nog verder vererger. Asjas skree skielik skril: "Agge nee!"

"Wat's dit, Asjas?" roep Trompie.

Trompie_omnibus_08_binnewerk_BOOK.indb 44 2020/01/14 07:40

"Die flits se lig is dood!" skree Asjas. "Ek lê nou hier in die donker. Help! Help, ouens!"

"Waar is daai ding – die kat?"

"Hy sit nog hier voor my. Ek kan sy oë sien. Help my. Ek is bang!"

"Ons sal jou help, Asjas. Hou net kop – en hou moed," sê Trompie vinnig in 'n bewende stem. "Maak geluide en slaan met die flits as die ding nader kom."

"Sing, Asjas!" roep Rooie nou ook raad. "Miskien laat dit die ding skrik en dan hardloop hy weg. Ons het jou nou-nou hier uit."

Asjas begin ten einde raad sing. Hy sing hard en vals. Hy besef nie die ironie van wat hy sing nie: "O, was ek maar dood, was die pyn in my hart nie so groot."

"En hoe gaan ons hom kastig nou-nou hier uit hê?" vra Blikkies vies vir Rooie.

"Ons moet aan 'n plan dink," antwoord Rooie, "en gou."

"Maar wat gaan ons doen?" skree Blikkies geïrriteerd. "Almal sê ons moet iets doen, maar niemand doen iets nie."

"Hoekom doen jý nie iets nie?!" gil Rooie.

"Ek het nie gesê ek gaan iets doen nie!" skree Blikkies. "Ek weet nie wat om te doen nie!"

Hulle moet albei so hard gil sodat hulle mekaar bo Asjas se geraas kan hoor. Die knaap sing nog steeds uit volle bors hy wens hy was dood, want dan was die pyn in sy hart nie so groot nie.

"Dit help nie ons stry nie," kom Trompie nou tussenbeide. "Ons moet iets doen."

"Ons weet ons moet iets doen," snou Blikkies hom toe. "Maar wat? Dis wat ek die hele tyd vra."

Trompie ignoreer Blikkies se uitbarsting en sê: "Daar is net een ding wat ons kan doen. Een van ons moet dorp toe hol om hulp te kry."

Trompie_omnibus_08_binnewerk_BOOK.indb 45 2020/01/14 07:40

"Dit is 'n goeie plan," sê Rooie.

Skielik hoor die vier seuns Asjas sing nou 'n ander liedjie. Hy het moeg geword om te wens hy was dood, want dan was die pyn in sy hart nie so groot nie. Hy sing nou uit volle bors dit is weer lente en die winter is verby.

Trompie_omnibus_08_binnewerk_BOOK.indb 46 2020/01/14 07:40